DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

11 Februarie 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 94: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 105: 5, 6
Sing	Ps. 33: 1, 6	Sing	Ps. 104: 1, 20
	Ps. 119: 38, 39		Ps. 51: 4, 5
	Sb. 11-3: 8 - 10 (16)		Sb. 2-4: 1, 3 (33)
	Ps. 89: 17, 18		
Skriflesing	Matteus 5: 1-12 ; 23: 29-36	Skriflesing	Romeine 6: 1-14 HK Sondag 26
Teks	Matteus 5: 10-12	Teks	Romeine 6: 3-4
Tema	**Om vervolg te word is 'n kenmerk dat jy vir Christus volg**	Tema	**Die doop beeld Christus se belofte af en verseker die gedoopte van die belofte**
Katkisasie-opening: Psalm 33: 1			

2. ALGEMENE KERKNUUS

Beroepe Ontvang

- Proponent JAG Henning (Kosie) na Harrismith.
- Ds GJJ van der Merwe (Giepie) van Durban-Noord na Pretoria-Annlin as medeleraar

Beroepe Aanvaar

- Ds GJJ van der Merwe (Giepie) van Durban-Noord na Pretoria-Annlin as medeleraar

3. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

ADMINISTRASIE

Preke

- Lidmate wat graag uitgedrukte preke wil ontvang, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal. Daar is verskeie koste-opsies – kyk daarna en merk die toepaslike kolom op die lys. Betalings kan (in 'n gemerkte koevert) in die betalings kassie in die kantoor geplaas word of per EFT betaal word met die verwysing PREKE+naam
- Alternatiewelik kan u weekliks die preke gratis per e-pos ontvang. Stuur asseblief 'n e-pos na die kerkkantoor (gkbellville@mwebbiz.co.za) om op die lys geplaas te word.
- Lidmate bo die ouderdom van 75 jaar kan uitgedrukte preke, asook die psalms en Die Loot in groot formaat, gratis ontvang. Skryf asseblief u naam op die lys in die konsistorie en merk die toepaslike opsie(s).
- **Lidmate wat huidiglik die preke ontvang, moet asseblief weer u naam opskryf indien u wil voortgaan.**

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om **08h45** en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 15:3 e.v. / Aand: Handelinge 15:8 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)
Rondebosch (Engels): Woensdag om 18h00 by Michael's Cafe, Rondebosch

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met nagmaal) uitgegee word. Nuwe advertensies of veranderinge aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag, 20 Februarie** om **09h00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

HUISBESOEK

Wyk **Panorama** (oudl. Jaco Cilliers) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00. **Ons benodig nog lidmate om genoeg stemme in die koor te hê – veral alte en tenore word gesoek.** Alle lidmate, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om asseblief saam te kom sing!

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Marie Lit wat die afgelope week 'n operasie ondergaan het.

Br. Marten Daling se 14-jarige susterskind het verlede week tragies verongeluk. Mag die Here aan julle gesin en die res van die familie berusting en Sy vertroosting skenk.

Br. Herklaas van Heerden se tannie is die afgelope week oorlede. Mag die Here hom en sy familie ryklik vertroos.

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: for our first couple in pre-marital counselling
Prayer: for the Lord to bless the many singles who desire to be married with a suitable spouse

SENIORS

Ons beplan om **Dinsdag, 13 Februarie** ‘n besoek aan Kirstenbosch Botaniese Tuine te bring. Ons kom om 10h00 by Hek 1 bymekaar. Om 11h00 drink ons saam tee (R20.00 per persoon) en daarna kan u vertrek of nog kuier in die tuin. **Almal wat die geleentheid wil bywoon, moet asseblief vanoggend na die erediens in die teedrinklokaal bymekaar kom.**

VGK BASAAR

Die Vrye Gereformeerde Kerk beplan hul basaar vir DV **Woensdag, 21 Maart** (‘n publieke vakansiedag). Indien daar enige lidmate is wat graag ‘n stalletjie wil hê (let wel asseblief geen eetgoed), kontak asseblief vir Carina van den Hout (082 603 4451 of corbin@mweb.co.za).

4. SUSTERS

SAAMTREK 2018

Die susters van Gereformeerde Kerk Elsiesrivier nooi u hartlik uit na die saamtrek op DV **Saterdag, 10 Maart 2018** te Goodwood. Die koste beloop R100 en die tema is *Skuil onder God se vleuels*. Skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal, indien u die geleentheid wil bywoon. Plaas die kontant (in ‘n gemerkte koevert) in die Kassiere kassie of doen ‘n EFT met die verwysing: SAAMTREK+naam. **Ons het uitstel ontvang om vandag nog name op te skryf!**

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Geertje Groenewald**, Hester Briel, Marleen Curtis, Mariet Nijeboer, Nicolette Loots, Luna Ludeke, Margarita van Niekerk, Karen van Wijk
Volgende Sondag: Srs. **Nicolette Costerus,** Susan Barnard, Jethie Buys, Anthea du Plessis, Marie Mulder, Linda van der Walt, Sanet van Hoving, Gea Wyma

5. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Dick van der Wilt, Reinard Visser, **Ludwig Venter**
Volgende week: Brs. Herman Boneschans, Jaco Coetsee, Pieter van Niekerk, Riaan Janse van Rensburg

Ouderlinge
Vandag: Brs. Freddie Scheepers, Willie Buys, Gert Swanepoel, Peet van der Walt
Volgende week: Brs. Jaco Cilliers, Ben van der Walt, Harm du Plessis, Wilhelm Groenewald

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Johan Snyman, Ruthven Janse van Rensburg
Volgende week: Ruhan Coetzee

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Februarie: 12/02 Panorama, 26/02 Parow-Noord
Maart: 12/03 Glenlily, 26/03 Parowvallei
April: 16/04 Boston 1, 23/04 Boston 2

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Huis Boland	Diakonale Kas
By die deure:	Dankbaarheidsfonds	GKSA Sustentasiefonds

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag, 25 Februarie** tydens die oggend erediens die sakrament van die Heilige Nagmaal. Rakende die Nagmaalviering die volgende: Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis

van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan 'n Nagmaalviering in die GK Bellville, moet dus 'n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so 'n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakramentsbeskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.
Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraads-vergadering **Woensdag, 21 Februarie**, wat die nagmaal voorafgaan, ingedien wees.

VERGADERINGS
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie

6. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **sr. Annatjie Badenhorst** gelukwens met haar **89ste** verjaarsdag!

12/02	Sr. Annatjie Badenhorst Sr. Gabi Bezuidenhout Marius Douglas (9 jaar) Sr. Elzanne Koegelenberg Sr. Lita van Rensburg
13/02	Br. Jaco Grobbelaar Sr. Annette Maritz Sr. Suanné Mulder
14/02	Br. Mark Berchard Sr. Marika Momberg
16/02	Tinus du Plessis (3 jaar) Sr. Glaudi Goosen
17/02	Sr. Marlé Chinasamy Gabrielle Smit (4 jaar)

Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! *1 Tessalonisense 5:23*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za